

# LANGTERMYNBEPLANNING VIR OORBRUGGING VAN DROOGTES IN SUIDELIKE SWA

C.J. VISSER

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, VOORLIGTINGSKANTOOR,  
Posbus 454, Keetmanshoop 9000.



*Dr. C.J. Visser,  
Voorligtingsleier:  
Suidstreek.*

## A. VELDAGTERUITGANG

Ongeskonde veld is die produk van miljoene jare se verandering en aanpassing. Die ekologiese balans van die natuur is gehandhaaf deur nat en droë periodes en migrerende wildtrope. Besetting van landbougrond deur die mens en sy mak diere was en is die belangrikste oorsaak van veldagteruitgang. Daar is bewyse dat die makroklimaat van Suidelike Afrika nie wesenlik verander het nie.

Verandering in veld en agteruitgang daarvan kan dus direk gekoppel word aan die behandeling wat dit ontvang het.

Die grondbewaringswet en skemas soos die veevermindersings-skema was groothartige pogings om agteruitgang te stuit. Die bodem as voedingsbron moes gestabiliseer word, maar helaas!

In semi-ariëde dele volg droë en nat periodes mekaar redelik reëlmatig op. Droë periodes, afhangende van die graad en duur daarvan word dan geklassifiseer as seisoensdroogtes, periodieke droogtes of rampdroogtes.

Dit word ervaar dat die skade en mergeling van die hulpbronne (grond en veld) gedurende droogtes **nie** in die daaropvolgende nat periode verhaal of herstel word nie. Veldagteruitgang is retrogressief en kumulatief. Die veld degenereer, die onsmaklike indringers vermeerder, die weidingskapasiteit neem af.

Die dilemma van die **volgende** droogte word al groter. Redes vir veldagteruitgang kan in twee kategorieë verdeel word: (a) fisies-biologies en (b) sosio-ekonomies.

Klimaat en suiwer fisiese faktore het feitlik geen bydrae gelewer nie. Reënval het nie verminder nie, selfs die verspreiding het nie wesenlik verander

nie. Die effektiwiteit van neerslae het egter afge neem veral waar grond ontbloot en veld verniel was.

Droogtes van die verlede, saam met beweiding het die grootste bydrae gelewer. Die proses is verder verhaas deur die voer van diere op die veld na die ru-materiaal reeds verwyder is.

Die grootste en vinnigste vernieling van veld het gevolg nadat begin is om plase fisies te bewerk. Die geloof bestaan vandag nog dat bewerking drakrag verhoog. Dit sal egter 'n mistasting wees om die indruk te skep of te aanvaar dat die weiding in die droër dele van die land gedoem is tot onherstelbare agteruitgang en dat dit nie moontlik is om met beskikbare kennis van veldbestuur die proses te stuit of ten minste te vertraag nie. Van ons Meesterbewaringsboere het die teendeel bewys.

Etlike **sosio-ekonomiese faktore** het wel 'n rol gespeel.

Die drang na en status van grondbesit van die Suid-Afrikaner het enersyds gelei tot 'n selfstandigheidsgevoel (positief maar soms ook negatief — Ek maak soos Ek wil), maar andersyds was dit die primêre oorsaak van versnippering van plase — (onbestaanbare eenhede).

Die tegniese revolusie het van boerdery 'n sake-onderneming gemaak en vanweë baie faktore het baie boere net nie die bestuursvernuf en -insig om 'n sukses van die besigheid te maak nie.

## B. DIE HUIDIGE SITUASIE

Die jaar 1982 is sonder twyfel die swakste landboujaar wat die skaapboer van suidelike SWA nóg getref het. Die huidige penarie van die karakoelboer kan soos volg saamgevat word:

- Eskalerende bedryfs- en lewenskoste waarvan die einde nog nie in sig is nie.
- Die prys van die enigste produk wat ons kan produseer het tot feitlik benede produksiekoste gedaal.
- Die veld waarvan ons 100% afhanklik is, dié het ons nie.

Die probleem van die boer word vererger deur die feit dat hy oor aspekte (a) en (b) geen of weinig beheer het en (c) kan hy ook nie alleen oorbrug nie.

## C. TOEKOMSTIGE BEPLANNING TEEN KWESBAARHEID

Wat boerdery betref, kan die suide van SWA slegs 'n ekstensiewe kleinveeboerderyarea wees.

Wat toekomstige beplanning betref, moet ons aanvaar dat rampdroogtes deels 'n klimaatsverskynsel is waarby die boerdery van tyd tot tyd sal moet aanpas.

Rampdroogte is die produk van abnormale lae reënval plus die effek van vorige droogtes plus die invloed van die huidige behandeling (bestokking). Slegs bestokking (d.w.s. die effek van beweiding) kan gemanipuleer word. Laasgenoemde impliseer oorweging van die volgende vyf aspekte:

1. Drakragnorme (en dus veegetalle) sal drasties en op 'n **permanente** grondslag **verminder** moet word.
2. Veegetalle sal op 'n veel **vroeër stadium** by verswakkende weidingstoestande **aangepas** moet word.
3. Boerdery-eenhede sal vergroot moet word.
4. Die produk wat ons kan produseer moet bereedneer word.
5. Groter differensiasie tussen soorte diere en rasse.

Die eerste prioriteit na die huidige droogte gebreek is, moet dus beperking van veegetalle wees. Die weidingskapasiteitsnorme wat vir die veeverminderingsskema bepaal is en wat nog algemeen gebruik word, moet hersien word. Elke homogene boerderygebied se drakrag moet dan d.m.v. 'n gebiedsvoorskrif onder die grondbewaringswet van toepassing verklaar word.

Ten einde vir staatshulp te kwalifiseer, sal die boer sekere teenprestasies moet lewer soos o.a. vermindering van veegetalle tot 80% of 60% en selfs laer vir fase 2 of fase 3 hulp respektiewelik. Die verkryging van betroubare getalle verdien ook oorweging.

Voorgenoemde maatreëls sal meebring dat baie boerdery-eenhede vergroot sal moet word om 'n

bestaan aan die ondernemer te verseker. Konsolidasie van onekonomiese eenhede moet by wyse van 'n ewolusionêre proses plaasvind (met die nodige simpatie van finansieringsinstellings).

Karakoelboerdery het die suide van SWA 'n redelik bestendige boerderygebied gemaak. Selfs in die huidige moeilike omstandighede is daar nie 'n logiese alternatief nie. Beskerming en bevordering van die bedryf, soos tans die geval is, behoort volgehou en selfs uitgebrei te word. Indien die karakoelpelsbedryf totaal in duie stort, is die verre suide gedoem tot blote bestaansboerdery.

Die verskil in voedingsbehoefte tussen soorte diere, rasse en selfs fisiologiese stadia binne rasse, moet deur voorligting by boere tuisgebring word. Alle kleinveesoorte is nie 'n kleinvee-eenheid nie.

#### D. SAMEVATTING

Droogtehelpmaatreëls moet in die toekoms as bewaringsmaatreëls gehanteer word en nie primêr as oorlewingsmaatreëls nie. Met ander woorde — hulpskemas om die nadelige gevolge van 'n rampdroogte te verminder moet eerstens op die behoud van die veld ingestel wees.

Droogtehelpkomitees moet op 'n permanente grondslag ingestel word om deurlopende kommunikasie tussen die staat en georganiseerde Landbou te verseker. Groter koördinasie tussen droogtekomitees en grondbewaringskomitees sal nodig wees.

Die voorligtingpoging om uitvoering te gee aan maatreëls wat ingestel word, moet versterk word. Hier het die droogtekomitees ook 'n verantwoordelikheid.

# PRAKTIESE OORWEGINGS BY DROOGTEVOEDING

L.C. VAN WYK

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, VOORLIGTINGSKANTOOR,  
Posbus 224, Karasburg 9000.

Die afgelope maande is baie geskryf en gepraat oor droogtevoeding. Die doel met hierdie artikel is egter om slegs 'n paar fasette van praktiese belang uit te lig.

U is almal vertrouwd met die normale prosedure van droogtevoeding, nl.

## 1. Lekvoorsiening

Dit moet op 'n vroeë stadium van die droogte voorsien word om

- (a) die proteïene tekort aan te vul,
- (b) die minerale tekorte te wete, P+Ca aan te vul en
- (c) dan 'n bietjie maklik verteerbare energie wat die rumen organismes stimuleer waardeur 'n verhoogde inname verkry word.

## 2. Aanpassing van veegetalle

## 3. Byvoeding op die veld

Bo en behalwe lekvoorsiening moet byvoeding in die vorm van energie gegee word.

## 4. Kraalvoeding

Op 'n stadium moet dit oorweeg word om diere in te bring kraal toe om voluit gevoer te word.

Is hierdie volgorde van ons benadering tot 'n droogte korrek?

Volgens my opinie is dit die korrekte volgorde. 'n Faset wat egter beklemtoon moet word is die aanpassing van veegetalle. Die oorwoë mening is dat dit reeds tot 'n groot mate afgehandel moet wees, voordat met byvoeding op die veld begin word. Dit is 'n aspek wat sterk oorweeg moet word in die praktyk.